higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4

(8021014)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Trek 'n streep oor die bladsy nadat elke vraag voltooi is.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Dui aan watter EEN van die volgende stellings korrek is:

Die doel van primêre voorkoming is om ...

A die gemeenskap te motiveer om vrywillig na die handhawing van orde te streef.
B ongehoorsaamheid aan wette en interne sosiale verhoudings te bevorder en te versterk.
C nou met psigiatriese inrigtings te skakel wat gemoeid is met die rehabilitasie van wanfunksionele pasiënte wat by misdadige aktiwiteite betrokke is.
D A en C.

1.2 Kies die mees korrekte stelling.

Sekondêre misdaadvoorkoming sluit in:

A Remediërende behandeling in die familiekonteks.
B Behandeling deur skole en klinieke.
C Die behandeling van die oorsaak van misdadige gedrag en die hantering van oortreders.
D A en B.

1.3 Dui aan watter EEN van die volgende stellings is foutief:

A Tersiêre misdaadvoorkoming kan die vorm van rehabiliterende behandeling aanneem.
B Rehabiliterende behandeling is ontwerp om na abnormaal te herstel.
C Tersiêre misdaadvoorkoming fokus meer op mense wat aan misdade skuldig bevind is.
D Tersiêre benaderings fokus op die hantering van die oorsaak van misdadige gedrag en die behandeling van oortreders.

1.4 Identifiseer watter EEN van die volgende stellings is verkeerd:

A Ten einde te verseker dat misdaadvoorkoming effektief en doeltreffend is, moet behoorlike beplanning uitgevoer word.
B Die formulering van 'n langtermynstrategie staan bekend as strategiese beplanning.
C Primêre misdaadvoorkoming fokus op rehabiliterende behandeling buite die institusionele konteks nadat 'n persoon aan 'n misdaad skuldig bevind is.
D Tersiêre benaderings fokus op die rehabilitasie van oortreders.

1.5 Identifiseer die MEES korrekte stelling:

A Misdaadvoorkoming behels die voorsiening, herkenning en beoordeling van misdaadrisiko.
B Misdaadvoorkoming behels die voorsiening, herkenning en beoordeling van die inisiëring van optrede om die risiko te verwyder of te verminder.
C Die gemeenskap het nie regtig 'n rol in misdaadvoorkoming te speel nie.
D A en B.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Tersiêre misdaadvoorkoming	A	benodig wanneer 'n gevangene aangehou word
2.2	Misdaad-voorkomingsfilosofie	B	om gevonniste persone onderhewig aan gemeenskapskorreksies in staat te stel om tydens hul vonnistydperk en in die toekoms 'n sosiaal verantwoordelike en misdaadvrye lewe te lei
2.3	Sekondêre misdaad-voorkoming	C	'n plasingsopsie wat gebruik word om effektiewe beheer oor gekose oortreders te verseker wat nog nie in alle opsigte gereed is vir plasing op parool nie
2.4	Dagparool	D	om voorkomende tegnieke te implementeer, soos die opvoeding van die jeug en samelewing
2.5	Gemeenskaps-korreksies	E	kan die vorm aanneem van korttermyn-voorkomende tegnieke, soos straatpatrollies
2.6	Primêre misdaadvoorkoming	F	'n ander personeellid moet die akkuraatheid daarvan bevestig
2.7	Doelwit van gemeenskaps-korreksies	G	hanteer misdaadvoorkoming op lang termyn
2.8	Voeding	H	waar redelik uitvoerbaar, moet dieetkundige regulasies godsdiensvereistes en kulturele voorkeure in ag neem
2.9	Lasbrief tot aanhouding	I	alle niegevangenismaatreëls en vorms van toesighouding van toepassing op persone wat onderhewig is aan sulke maatreëls onder die toesig en beheer van die Departement van Korrektiewe Dienste in die gemeenskap
2.10	Persoonlike besonderhede van oortreder	J	misdaadvoorkoming is meer as sekuriteit
		K	voorwaardelike kwytskelding of begenadiging deur die Staatspresident

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Misdaadvoorkomingsprogramme is gebaseer op sekere aannames, teorieë of faktore wat 'n rol kan speel in die pleging van 'n misdaad of dat iemand 'n slagoffer word.

3.2 Oortreders wat vir dagparool geselekteer kan word, is diegene wat praktiese hervestigingsprobleme ervaar.

3.3 Daar moet 'n toesighoudingskomitee by elke gemeenskapskorreksiekantoor wees, saamgestel uit korrektiewe beamptes wat by die toesighouding oor persone betrokke is, asook, indien prakties, persone uit die gemeenskap wat kundiges in gedragswetenskappe is.

3.4 Tydens aanhouding moet die toilette en storte onvoldoende wees wanneer die gevangenes aan die eise van die natuur gehoor wil gee.

3.5 Indien slaapakkommodasie in afsonderlike selle of kamers is, moet elke gevangene tydens aanhouding alleen 'n sel of kamer beset.

3.6 Die Derde Slagoffer-oortreder-versoeningsprogram (SOVP) het as 'n eksperiment in Kitchener, Ontario, in die vroeë 1670's begin.

3.7 Slagofferondersteuning is 'n term wat gebruik word om te verwys na die jammerhartige persoon wat na die huilende slagoffer wil luister.

3.8 Slagofferregte verwys na 'n verskeidenheid regte en behoeftes van, asook dienste aan, slagoffers van misdaad.

3.9 Slagofferbemagtiging verwys na die onbillike behandeling van of diskriminasie teen misdadigers.

3.10 Die hoofoogmerk van die Departement van Korrektiewe Dienste is om die gedrag van die slagoffers sodanig te verbeter dat hy/sy 'n beter persoon sal wees nadat hy/sy die korrektiewe fasiliteit verlaat het.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Programme gebaseer op ingrypings wat gevangenes van die nodige vaardighede en kennis voorsien om hulle in staat te stel om die gemeenskap in sy normatiewe sin te beskou.

4.2 Sommige herintegrasie-inisiatiewe wat deur nieregeringsorganisasies (NRO's) en gemeenskapsgebaseerde organisasies (GBO's) aangebied word.

4.3 Die manier waarop die strafregstelsel, die randberoepe soos gesondheid en welsyn, en die gemeenskap in die algemeen die slagoffer weer eens kan viktimiseer, byvoorbeeld deur hom/haar te blameer.

4.4 'n Basiese gevallebestuursproses wat vier fases behels, naamlik saakverwysing en -inname, voorbereiding vir mediasie, die mediasie self en enige opvolging wat nodig is om die mediasie suksesvol te maak.

4.5 Die persoon wat skade ly, insluitend fisieke of geestelike besering, emosionele lyding of ekonomiese verlies.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Die polisie het 'n doeltreffende stelsel beskikbaar om te verseker dat alle misdaad wat aangemeld word, behoorlik aangeteken word. Dit staan bekend as die administratiewe prosesse in misdaadaanmelding, wat die oopmaak van 'n saakdossier, die verwerking van die saakdossier, die registrasie van die dossier op die misdaadadministrasiestelsel (MAS) ('CAS'), en so meer insluit.

Bespreek die administratiewe en ondersoekende prosesse in misdaadaanmelding deur na die volgende te verwys:

5.1 Die registrasie van die dossier op die MAS (6)

5.2 Oopmaak van 'n saakdossier (3)

5.3 Toewysing van die saak aan 'n ondersoekbeampte (4)

[13]

VRAAG 6

Bespreek die besluit van die openbare vervolger om te vervolg nadat die saak aan hom/haar voorgelê is. **[7]**

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 7

Bestudeer die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Sodra 'n aanklaer besluit het om die oortreder op 'n spesifieke aanklag te vervolg, begin die geregtelike proses met die beoordeling van die saak. Hou in gedagte dat 'n beskuldigde sekere regte het. Verrigtinge in 'n hofsaal word skriftelik in snelskrif of deur 'n meganiese toestel in 'n amptelike taal aangeteken. Daar is 'n onderskeid tussen minagting *in facie curiae* en minagting *ex facie curiae*. Wanneer 'n persoon in die hof skuldig bevind word, kan hy/sy gevonnis word om korrektiewe diens te verrig.

Tabelleer die verskille tussen minagting *in facie curiae* en minagting *ex facie curiae* deur elke konsep te definieer en praktiese voorbeelde te verstrek. **[10]**

VRAAG 8

8.1 Noem die hofverrigtingaspekte wat deur die voorsittende beampte aangeteken word. (5)

8.2 Noem die basiese elemente wat deel van 'n doeltreffende gevangenisstelsel uitmaak om veilige aanhouding te verseker. (4)

8.3 Bespreek kortliks die skeiding van die verskillende kategorieë gevangenes volgens artikel 7 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 111 van 1998. (6)

8.4 Bespreek enige VYF regte van 'n beskuldigde totdat hy/sy deur die staat skuldig bevind word. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 9

Noem die SEWE slagofferregte en bespreek die inwerkingstelling van hierdie regte in die praktyk. **[20]**

OF

VRAAG 10

Die strafregproses bestaan uit drie fases, naamlik die pre-geregtelike fase, geregtelike fase en die post-geregtelike fase.

Bespreek die pre-geregtelike fase. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou